HIGHGATE OSTRICH FARM south africa

# EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

NPO 275-527 108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-0988439 chair@edenbiathlon.co.za
www.edenbiathlon.co.za

2023.08.18

## NUUSBRIEF

Dit was Eden Tweekamp se tweede seisoen met die aangepaste afstande en ouderdomsgroepe vir vele atlete, ouers en selfs beamptes was dit `n steeds `n groot aanpassing, daar was `n paar struikelblokke in die seisoen maar die bestuur en die res van die Eden Tweekampfamilie het soos voorheen saam gestaan mekaar ondersteun en het `n goeie seisoen gehad.

Die volgende behoort gemeld te word:

- **BESTUURSLEDE & BEAMPTES**
  Die nuwe bestuurslede het in hulle nuwe posisies `n groot verskil gemaak en die Voorsitter Stephnie McKay bygestaan gedurende die seisoen: Jacques Koen [vise-voorsitter], Leana Robinson [vise-voorsitter] Jana Botha [Spanbestuurder] en die ou hande soos Yvonne McKay & Dave van der Walt wat as mentors steeds dien vir die jonger garde. ~n Groot dank ook aan al ons beamptes wat pligsgetrou elke byeenkoms vrywillige dienste lewer om Eden Tweekamp te bevorder jul opofferings en dienste word opreg waardeur

- **HIGHGATE INTERPROVINSIAAL**
  Hierdie hoogtepunt van Eden Tweekamp se seisoen het op 4 Februarie plaas gevind op Oudtshoorn Eden Tweekamp het vanjaar alleen hierdie byeenkoms aangebied. 550 atlete van 7 Provinsies het hier in die hettige Oudtshoorn kom deelneem, alhoewel Eskom uitdagings veroorsaak het, het hierdie byeenkoms seepglad verloop. Eden het goed gevaar by hierdie byeenkoms met 11 medaljes [5 Goud], [4 Silwer], [2 Brons] Wanru Haasbroek verbeter die SA Seuns O/11 Rekord. In die Skole kompetisie is Outeniqua Hoërskool as die Hoërskole Kompetisiewenners en George -Suid tweede in die Laerskole kompetisie aangewys.

- Die **SA KAMPIOENSKAPPE** het 31 Maart – 1 April 2022 in Stellenbosch plaasgevind Die Eden Tweekamp span spog met 6 medaljes - 2 span- en 4 individuele medaljes. Eden as span het algeheel 6de geëindig met WP, BOL en Griekwas in die eerste 3 plekke. George-Suid LS is die beste tweekamp laerskool in die land met hulle goue medalje in die Laerskole kompetisie en HS Outeniqua verower die silwer medalje in die Hoërskole kompetisie. Dit dui net op 'n blink toekoms vir Eden Tweekamp. Individuele medalje wenners Wanru Haasbroek (goud, S/11) verbeter weereens die SA rekord, Arabelle Grütter (goud, D/13), Carlo Bezuidenhout (silwer, S/15) en Johan Windt (silwer, M70+). Dankie ook aan die spanbestuur (Stephnie McKay, Leana Robinson en Jana Botha) vir julle opoffering en passie!

- **LIGA BYEENKOMSTE**
  Eden Tweekamp streef na groei en 2022/2023 het dit bewys met ons liga byeenkomste wat week na week rekordgetal atlete by die byeenkomste opgelewer het.

- **KAPASITEITES WERKSWINKELS**
  Eden Tweekamp streef daarna om terug te gee en vyiwilligers op te lei en kennis van die sportkode oor te dra. Meer ad 45 vroue & "special needs persone" het hierdie werkswinkel bygewoon en wat `n suksesvolle byeenkoms was dit nie met sprekers soos Advokaat Michelle Weyers en Hans van der Veen.

- **ONTWIKKELINGS KLINIEKE**

  **KNYSNA ONTWIKKELINGS KLINIEK**

  Eden Tweekamp in samewerking met DCAS en met die ondersteuning van Knysna Primêr, het op 8 Des 2022 diè kliniek aangebied. Johan Windt (hardloop) en Lou-Let Fourie (swem) was die afrigters terwyl Jana Botha die plaaslike reëlings hanteer het. Mianè v d Westhuizen (dogters) en Ruan Share (seuns) het weggestap met die pryse vir belowende potensiaal! Baie geluk

  **BRIDGTON-KLINIEK**

  Eden Tweekamp, in samewerking met DCAS en Oudtshoorn munisipaliteit, het op Wo 22 Maart 2023 'n ontwikkelingskliniek aangebied op Oudtshoorn. Die venue was die HS Oudtshoorn sportgronde en NA Smit swembad. Johan Windt (hardloop) en Susan Juta (swem) was die afrigters. 30 leerders van DeVilliers Primêr was die deelnemers. Raylan Morris (swem) en Waldo Sederstrom (hardloop) het die pryse vir belowendheid verwerf. Dave van der Walt was die organiseerder.

- **KOOMUNIKASIE**

  Dit is al oor en oor bewys dat gesonde kommunikasie die grondslag lê van enige suksesvolle instansie. Dit is ook dan die geval by Eden Tweekamp. Eden Tweekamp bewdryf ‘n op-datum webstuiste, ‘n aktiewe Facebook en ‘n Whatsapp groep om met alle lede en atlete kontak te maa ken te behou. Ons moedig alle ouers ook aan om daarvan gebruik te maak.

- Eden Tweekamp is steeds die land se top Familiesport en ons glo en vertrou die sport sal nog hoër hoogtes bereik ons moedig u aan om saam u kind of kleinkind deel te kom neem volgende seisoen.

- Ek wil namens myself Voorsitter van Eden Tweekamp u dank vir `n wonderlike seisoen, bystand en samewerking sonder u en ons atlete sal hierdie sport nie kan bestaan.

**Vir enige navrae kan Dave van der Walt [082 7734 901] of Stephnie McKay [082 9884 439] gekontak word.**

Voorspoedige seisoen!

**Stephnie McKay**
**Voorsitter**

**Dave van der Walt**
**Operasionele Bestuurder**